Sang (b)

Graad 4

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. ‘n Liefde vir Afrikaanse liedere aan te leer.
2. Die genot van saamsing te laat ervaar.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Die volgende liedjies saamsing:
   - Twee marsliedjies.
   - Een dankie-sê liedjie.
   - Vier Voortrekkerliedjies.
   - Twee aksieliedjies.
   - Vier godsdienstige liedjies.
   - Twee tradisionele liedjies soos Sarie Marais.
   - Een moderne Afrikaanse lied.
2. Een liedjie met tuisgemaakte instrumente begelei.
3. Op maat van die musiek ritmies hande klap en saamsing.
4. Ritmiese bewegings uitvoer op maat van die musiek.
5. Moet by ten minste twee geleenthede aan samesang deelneem.
6. Moet as groep na minstens twee liedjies luister en daarna vertel waaroor die liedere gegaan het.
7. Twee Volkspele speletjies speel en saamsing.

C AANBIEDING

1. Versprei die aanleer en sing van die liedjies oor ‘n aantal weke. ‘n Aanhoudende gesing vir een of twee byeenkomste is nie wenslik nie.
2. Leer nuwe liedjies aan en moenie net dié gebruik wat die kinders reeds ken nie.
3. Maak sang deel van die weeklikse byeenkomste sodat die kind nie voel hy sing net vir ‘n kenteken nie.
4. Die woorde van die liedjies moet aanvanklik beskikbaar wees, maar later, na herhaling, verwyder word sodat die kinders nie daarvan afhanklik is as hulle sing nie.
5. Die tuisgemaakte instrumente moet eenvoudig gehou word. Selfs net ‘n blikkie met boontjies of klippies is voldoende. ‘n Draadhanger met koeldrankdoppies kan vir ‘n ratel gebruik word of ‘n blik vir ‘n trom. Enige iets wat sal help met ritme en ook om die groep aan die sing te kry.
6. Indien die groep heelhartig deelneem aan al die vereistes sal dit bou aan ‘n wonderlike groepsgees. Tydens ‘n uitvoering wat die groep vir die toetsoffisier en hul ouers aanbied, kan die evaluering plaasvind.